

26 Jan 2020

FAMILIE TUISBLAD



1 Kor 2:1-12

ons storie

Vertel bietjie die ou wysede van julle familie(s). Dis daardie stories van 'n ouma of oer-oupa wat so deur die geslagte oorgelewer is. Dalk is dit ook 'n wysheid van 'n ou vriend of buurvrou wat al deel van die familie geraak het.

ons nuwe storie

As Paulus net praat oor Christus as die gekruisigde wat dink julle beteken dit vir julle as gesin/ familie. Wat ons wel weet is dat jy en julle juisself ook vrywillig sal moet "kruisig". Praat oor plekke en sake waarvoor julle juisself vrywillig weggee. Hoe laat dit julle voel? Wat is daar wat julle nog kan doen?

GOD se storie

Wysheid is iets wat van God af kom. Dink terug aan die verhaal van Salomo. Toe die Here vir Salomo 'n keuse gee om enig iets te kan vra kies hy wysheid! Dit het God so bly gemaak dat die Here hom ook 'n klomp ander goed gegee het. Paulus vra van die wysheid van God. Dis nie slimigheid nie dis 'n ander manier van kyk na die werklikheid, 'n ander verstaan oor wat belangrik in die lewe is. Hy som hierdie wysheid op in Christus en dan as die gekruisigde. Wysheid is in die verloor van juisself vir iets of iemand anders!

Rituele en gewoontes

Neem 'n klein kruisie wat julle in 'n sak kan rond dra. Gee dit vir een persoon in die huis wat dit vir 'n hele dag gaan rond dra om hulle te herinner om vandag vrywillig diensbaar te wees. Laat die persoon aan die einde van die dag haar/sy verhaal vertel van hoe die kruisie hulle gehelp het met diensbaarheid. As die kruisie niks gedoen het nie moet daardie persoon dit weer vir die volgende dag in hulle sak saamdra.